

Pregala Pillay & Evan Mantzaris*

Korrupsie duur onverpoosd voort, selfs terwyl ons steier onder die vernietigende uitwerking van 'n pandemie wat ons lewens ontwig en baie ellende veroorsaak het. Ons is op Afrika Teen-korrupsiedag (11 Julie) weer eens daaraan herinner hoe hierdie plaag ons lyding vererger. Die diefstal en boewery van beginsellose mense het ons regering se pogings om beslissend teen die pandemie op te tree en om die siekes, armes, haweloses en ander gemarginaliseerde groepe te ondersteun, tot niet gemaak.

Sedert die aanvang van die staat van inperking in Maart verlede jaar, is verskeie regeringsinisiatiewe deur die COVID-19-noodlenigingspakket van R500 miljard aangevul wat daarop gemik was om voedselpakkies aan meer as 16 miljoen begunstigdes te verskaf; maatskaplike toelae te verhoog (deur byvoorbeeld 'n verhoging in die kinderondersteuningstoelaag en die R350 wat as 'n maatskaplike hulpleningstoelaag verskaf is); miljarde vir lone en sakeondernemings en prioriteite vir gesondheidskwessies; en die Tydelike Werkgewers-Werknemers Ondersteuningskema (of te wel TERS) vir diegene wie se salarisse geraak is. Nog 'n bykomende R20 miljard is aan munisipaliteite toegeken om noodwatervoorrade, die sanitasie van openbare vervoer en voedsel en skuiling vir haweloses te verskaf. Altesame R50 miljard is vir noodleniging bestem om diegene wat ernstig deur die pandemie geraak is, te help.

Ongelukkig het hierdie maatreëls ook geleenthede vir korrupte individue, sindikate, asook “tussengangers” in die openbare en private sektor geskep wat nie die versoeking kon weerstaan en nie hul langvingers vir hulleself kon hou nie. Ons het dit onder meer gesien in die manier waarop voedselpakkies versprei is en die Gautengse Onderwysdepartement se “skoolontsmettingskandaal” van R431 miljoen.

Die plaag duur voort! En daarmee saam die stryd om dit uit te roei, skryf ***Pregala Pillay**, 'n professor in die Skool vir Publieke Leierskap in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US), en **Evan Mantzaris**, 'n afgetrede professor van die Mangosuthu Universiteit van Tegnologie en 'n buitengewone professor aan die US. Lees hul volledige artikel [hier](#).